# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

**FEBRUARY / MARCH**
***FEBRUARIE / MAART***

**2005**

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

SG **102-2/1**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL SG: Vraestel 1

102 2 1 SG

**10 bladsye**

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord AL die vrae.
- Volg die instruksies boaan elke afdeling.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
- Nommer elke vraag in die MIDDEL van die bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1
### TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende TYDSKRIFARTIKEL versigtig deur.

### Fezile Mpela in Sewende Laan op TV2

1. Fezile Mpela se vriende noem hom "Fuzzy", maar in die gange by M-Net is dit soms Fuzzyball. Hy is 'n akteur en TV-aanbieder wat op 16 November 1973 in Robinson aan die Wes-rand gebore is.

2. Toe hy ses jaar oud was, het hy die rol van Jack in sy skool se Kersspel gespeel. Die mense het so hande geklap toe hy op die verhoog was, dat hy besluit het dit is wat hy die res van sy lewe wil doen.

3. Met sy eerste salaristjek, het hy 'n groot pastei gekoop. Toe hy begin werk het, het hy homself bederf met CD's en klere. Hy het 'n salaris vir sy aanbiedingswerk vir die TV-program, *Boombox*, gekry. Fezile sê dat wanneer jy TV-werk doen, dit belangrik is dat jy die regte boodskap oordra. As jy soms woorde omruil, klink dit partykeer beter, maar dit moet net nie klink of jy nie weet wat jy doen nie. Hy speel ook in *Song vir Katryn* waar hy 'n fotograaf is, met 'n oog vir 'n mooi vrou.

4. Wanneer hy 'n tydjie vry het, besoek hy graag ons buurlande: Namibië, Tanzanië, Zimbabwe, Mosambiek, Swaziland en Zambië. Hy het 'n 4x4 en sê dat hy al só die mooiste plekke gesien het.

5. Sy vriende hou van sy eerlikheid. Sy vriende sê dat hy 'n groot hart het, 'n liewe geaardheid, dat hy graag luister na mense se probleme en help waar hy kan. 'n Probleem is dat meisies altyd dink dat jy 'n losbol is of alreeds 'n meisie het. Fezile hou baie van TV-werk en sal nooit iets anders wil doen nie. Fezile leer nou klavier speel. Hy kan ses tale goed praat en leer ook Frans.

*[Verwerk uit: Tydskrif-Rapport; 1 Junie 2003.]*

**VRAE**

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

1.1 Wat is Fezile Mpela se TWEE byname? (2)

1.2 Watter TWEE soorte werk doen Fezile op TV? (2)

1.3 Wat was sy eerste rol? (1)

1.4 Wat het hom laat besluit watter beroep hy wil volg? (1)

1.5 Noem DRIE dinge wat hy met sy eerste twee salarisse gekoop het. (3)

1.6 Wat is belangrik in TV-werk? (1)

1.7 Wat moet jy NIE doen in TV-werk NIE? (1)

1.8 Fezile het al in baie rolle op TV gespeel.

1.8.1 Noem die naam van 'n program waarin hy al gespeel het. (1)
1.8.2 Watter rol het hy in die program gespeel? (1)

1.9 1.9.1 Wat doen hy as hy nie werk nie? (1)
1.9.2 Wat gebruik hy om dit te doen? (1)

1.10 Wat is sy beste eienskappe? Gee TWEE sinsdele. (2)

1.11 Watter TWEE probleme het Fezile in sy persoonlike lewe? (2)

1.12 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Sê hoekom jy so sê.

*Fezile soek ander werk.* (2)

1.13 Watter TWEE talente het Fezile? (2)
**[23]**

## VRAAG 2
## ADVERTENSIE

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees die volgende ADVERTENSIE versigtig deur.

***REKENAARKURSUSSE***

Moenie te veel betaal vir Rekenaarkursusse nie.

- Ons gee jou goeie waarde vir geld!
- Studeer teen jou eie tempo en in jou eie tyd.
- Die eerste 20 mense kwalifiseer vir afslag.

Moenie wag nie!
Bel Gavin vir advies by telno. (011) 454-0776

- Jy kan so vinnig of stadig soos jy wil, studeer.
- Jy doen hersiening van die werk en jy leer weer en weer!
- Deskundige mense stel die materiaal saam.
- *Microsoft* se goedkeuring van die materiaal help dat jy sal slaag.

**A+ Connection**
Die beste!

**[Verwerk uit: *JIP*, 29 Augustus 2001]**

**VRAE:**

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

2.1 Waarom is **A+ Connection** se rekenaarkursusse die beste? (1)

2.2 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is en haal 'n SIN aan om jou antwoord te motiveer.

*Jy moet elke dag klas toe gaan.* (2)

2.3 Waarom moet jy dadelik vir 'n kursus inskryf? (1)

2.4 Hoe leer jy om goeie werk te doen? (1)

2.5 Gee EEN bewys dat die materiaal wat ***A+ Connection*** gebruik, goed is. (1)
**[6]**

## VRAAG 3
## STROKIESPRENT

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees die volgende STROKIESPRENT versigtig deur.




Verwerk uit: *Tydskrif-Rapport;* 21 Januarie 2001

**VRAE**:

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

3.1 Watter DRIE belangrike dinge wil Ben vir Babsie sê voor hy doodgaan? (3)

3.2 Waarom moet Babsie AVBOB bel? (1)

3.3 Wat makeer Ben? (1)

3.4 Wat wil tant Minnie doen? (1)
**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

## AFDELING B
## OPSOMMING

### VRAAG 4

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees eers die volgende INSTRUKSIES versigtig deur.
    - Lees die vyf paragrafies (4.1 – 4.5) versigtig deur.
    - Soek TWEE hoofgedagtes uit elkeen van die paragrafies van 4.1 – 4.5.
    - Skryf elke **hoofgedagte** in jou eie APARTE volsin neer.
    - Skryf jou TIEN sinne PUNTSGEWYS onder mekaar neer.
    - Jou sinne moet altesaam nie langer as 110 woorde wees nie.
    - Onthou om die getal woorde aan te dui aan die einde van die opsomming.
    - Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 110 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### Wen stres, kry Eksamensukses!

4.1 As jy onder stres is, sukkel jy om te konsentreer. Jy kon nie leer nie. Jy is moeg, jy kan nie slaap of eet nie. Jy kan hulp kry deur vitamines te drink. Vitamines gee die brein en die liggaam kos. Vitamines is goed.

4.2 Jy moet baie rou vrugte en groente eet. Jy moet genoeg bruinrys, aartappels, piesangs en vis eet. Dit is breinkos. As jy nie genoeg breinkos eet nie, kan jy nie dink nie. Jou brein het kos nodig om goed te werk.

4.3 Jy moet minder koffie drink, want kafeïen is sleg vir jou. Dit kan nadelige effekte hê soos dat jy sleg slaap. Dit kan jou ook hoofpyn gee. Coke en sjokolade het ook kafeïen wat sleg is vir jou.

4.4 Oefening verbeter die bloed se vloei na die brein. Oefening is baie nodig. Jy hoef nie te lank te oefen nie, net twee keer per week. Dit help jou om van stres te vergeet. Dit is ook lekker! Jy kan saam met iemand oefen en lekker gesels.

4.5 Om elke dag beter te konsentreer, sal slaap help. Jy moet omtrent sewe tot agt ure slaap elke nag. Gaan slaap elke nag dieselfde tyd. Dit sal jou help om nuwe energie te kry. Jy sal sommer baie beter voel!

**[Verwerk Uit: *HUISGENOOT* 21 Oktober 1999]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## FUNKSIONELE TAALVAARDIGHEID

- Beantwoord AL die vrae.
- Begin jou antwoord op 'n NUWE bladsy.
- Voer die opdragte korrek uit.
- Die woorde wat in **HOOFLETTERS** gedruk is, is jou leidrade.

### VRAAG 5

5.1 Lees die onderstaande paragrawe versigtig deur. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

### ENTREPRENEURS LAAT DIE RANDE INROL

'n 5.1.1 (**KORREKTE VORM**: Gewoon) ________ **MENS** kan die Lotto wen en een Sondagoggend 5.1.2 (**EEN WOORD**: baie ryk) ___________ opstaan. Dié manier van geld maak, is nie vir 'n 5.1.3 (**EEN WOORD**: iemand tussen 13 en 19 jaar) nie. Hulle besef 'n 5.1.4 (**KORREKTE WOORD**: goed) ________ **IDEE** en harde werk bring sukses. **MOENIE** 5.1.5 (**KORREKTE WOORD**: moet; moed) ________ verloor 5.1.6 (**VUL WOORD IN**) _______, wonderwerke gebeur nog.

5.1.7 (**EEN WOORD**: Jonk + mens) van vandag staan met **HULLE** 5.1.8 (**KORREKTE VORM**: voet) ________ plat 5.1.9 (**VUL WOORD IN**) _________ die aarde. Hulle besef **DIE** 5.1.10 (**KORREKTE VORM**: goed ) _________ manier **OM** 5.1.11 (stadig: **ANTONIEM**) ________ geld 5.1.12 (**VUL WOORD IN)** _________ maak, is harde werk. Sommige sal selfs 5.1.13 (in die oggend – **EEN WOORD**) ___________ vroeg opstaan en 5.1.14 (in die aand – **EEN WOORD**) _____________ laat gaan slaap. 5.1.15 (**KORREKTE WOORD**: Op pas; Oppas) Bill Gates, die entrepreneurs kom! Die 5.1.16 (14-jarige – **SKRYF VOLUIT**) _________ Willem Walser weet **HOE** 5.1.17 (**KORREKTE VORM**: hard) ________ hy werk, **HOE** 5.1.18 (**KORREKTE VORM**: baie) ________ geld kan hy verdien. Hy is 'n seun 5.1.19 (**KORREKTE WOORD**: wat; wie) _______ nog groot sukses sal 5.1.20 (**KORREKTE WOORD**: behaal; verhaal) _________ . Hy is baie 5.1.21 (**KORREKTE VORM**: opgewen) ________ oor sy besigheid. Sy pa is egter 5.1.22 (het nie werk nie – **EEN WOORD**) en verrig **KLEIN** 5.1.23. (**KORREKTE VORM**: werk) vir sy seun. Wat 5.1.24 (**KORREKTE VORM**: plan) ___________ jy vir die toekoms?

**[Verwerk en aangepas uit: *Rooi Rose* - November 2002 ]**

(24 x ½ = 12)

5.2 Lees eers die sin/sinne in die blokke. Skryf daarna die sin/ sinne oor soos aangedui sonder om die betekenis te verander. Skryf elke keer die hele sin uit en onderstreep die gedeeltes wat jy invul.

**'N ENTREPRENEUR IS NOOIT TE JONK NIE**

5.2.1 " My leuse gaan goeie diens wees. Ek sal self die winkel ontwerp", sê Willem Walser.

Willem Walser sê **DAT** _______________ (2) en **DAT** ___________________ (2).

5.2.2 Hy koop lekkergoed in groot hoeveelhede aan. Hy verpak dit in kleiner hoeveelhede.

**NADAT** hy ____________ (2), ______________ ( 1 ) dit in kleiner hoeveelhede.

5.2.3 Willem is 'n besigheidsman. Hy kan ook ontspan.

Willem is 'n besigheidsman, **MAAR** hy _________________ (1).

5.2.4 Hy verkoop lekkergoed tuis.

____________ (1) __________ ( 1 ) hy lekkergoed? **Antwoord: TUIS**

5.2.5 Sy pryse is goedkoper as die ander winkels. Sy pryse is kompeterend.

Sy pryse is goedkoper as ander winkels, **WANT** _____________ ( 1 ).

5.2.6 Willem sorteer naweke tot 100 kratte bottels.

**TOT 100 KRATTE BOTTELS** __________________________ ( 3 ).

5.2.7 Hy is versigtig met sy geld.

Hy **HOEF NIE** _______________ ( 2 ).

5.2.8 Hy brei sy besigheid uit. Hy besit 'n koffiewinkel en 'n lekkergoedwinkel.

Hy **HET** _____________ ( 1 ) en besit **SOWEL** _____________ ( 1 ).

5.2.9 Willem sê dat hy eendag oorsee wil gaan.

Willem sê: "____________________" (2).

5.2.10 Hy spandeer min geld.

Hy spandeer NIE ___________________________ (2).

5.2.11 Willem het gisteraand sy beplanning gedoen.

**VANAAND** ___________________________ (1). (23)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [35]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**